education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

GESKIEDENIS V2

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 150

TYD: 2 ½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord DRIE vrae.

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Gebruik die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

8. Die tyd toegelaat vir die vraestel moet oordeelkundig in die beantwoording van vrae gebruik word, verkieslik ongeveer 50 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord minstens EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1 A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 1A

Beskryf die faktore wat vir die snelle dekolonisasie van die Afrika-state verantwoordelik was. **[50]**

OF

VRAAG 1B

Die Organisasie van Afrika-eenheid (OAE) het 'n paar suksesse ervaar, alhoewel sekere uitdagings sy vooruitgang verhinder het. Bespreek. **[50]**

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 2A

Verduidelik waarom dit vir Lenin noodsaaklik geword het om twee verskillende ekonomiese beleide tussen 1917 en 1924 in Sowjet-Rusland in te stel. **[50]**

OF

VRAAG 2B

Bespreek die maatreëls wat Stalin deur middel van sy Vyfjaarplanne van 1928 tot 1939 ingestel het om Sowjet-Rusland van ekonomiese ineenstorting te red. **[50]**

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 3A

Verduidelik hoe die swakhede in die Amerikaanse ekonomie die Groot Depressie van 1929 onafwendbaar gemaak het. **[50]**

OF

VRAAG 3B

Bespreek die suksesse en tekortkominge van Roosevelt se Nuwe Bedeling-beleid ('New Deal Policy') in die Verenigde State van Amerika. **[50]**

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM, vervat.

VRAAG 4: AFRIKA IN THE TWINTIGSTE EEU

4.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT GHANA NA ONAFHANKLIKHEID IN 1957 IN DIE GESIG GESTAAR HET?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Wat, volgens hierdie bron, was die grootste uitdaging vir Kwame Deh se familie? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik die redes vir die ineenstorting van Ghana se ekonomie. (2 x 2) (4)

(c) Watter kritiek is teen Nkrumah gerig betreffende Ghana se ekonomiese ineenstorting? (1 x 2) (2)

(d) Wat was Nkrumah se beskouing oor die uitdagings in Ghana? (1 x 2) (2)

(e) In watter opsigte toon Bron 4A die algemene tekortkominge van baie Afrika-state na onafhanklikheid in die 1960's? (2 x 2) (4)

4.1.2 Gebruik Bron 4B.

(a) Watter boodskap dra die twee foto's oor Nkrumah as 'n leier oor? (1 x 3) (3)

(b) Verduidelik of jy dink dat Bron 4B geskik is om Nkrumah se regering uit te beeld? (2 x 2) (4)

(c) Vergelyk Bron 4A met Bron 4B en verduidelik in watter opsigte hulle mekaar steun. (2 x 2) (4)

4.1.3 Gebruik Bron 4C.

(a) Gebruik Bron 4C en jou eie kennis om te verduidelik wat jy dink die rede kon wees dat Amerika en die Britse intelligensie as medesamesweerders beskou is. (1 x 2) (2)

(b) Waarom, volgens hierdie bron, glo Shabazz dat Ghana se militêre staatsgrepe anders as dié van Soedan was? (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik of jy Shabazz se mening, soos in Bron 4C uiteengesit, as betroubaar beskou. (2 x 2) (4)

(d) Gebruik Bron 4C en jou eie kennis en verduidelik wat jy onder Pan-Afrikanisme verstaan. (1 x 2) (2)

(e) Wat, volgens Bron 4C, was die belangrikste karaktereienskap van die Goudkussers? (1 x 2) (2)

(f) President John Kufuor het onlangs uitgewys dat nie alles net onheil en duister ('doom and gloom') in Afrika is nie. Lewer kommentaar oor die akkuraatheid van hierdie stelling. (1 x 3) (3)

4.1.4 Gebruik die inligting in al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van 10 reëls (100 woorde) waarin jy die uitdagings beskryf wat Ghana na onafhanklikheid in 1957 in die gesig gestaar het. (10)

[50]

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

5.1 HOE HET HITLER TE WERK GEGAAN OM DIE BEPALINGS VAN DIE VERDRAG VAN VERSAILLES TUSSEN 1936 EN 1938 TE VERBREEK?

Bestudeer Bronne 5A, 5B, 5C, 5D, 5E en 5F om die volgende vrae te beantwoord.

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

Wat het die Verdrag van Versailles ten opsigte van die Rynland bepaal? (1 x 1) (1)

5.1.2 Verwys na Bron 5B.

(a) Hoe het Hitler die Verdrag van Versailles betreffende die Rynland verbreek? (1 x 1) (1)

(b) Was Duitse soldate in staat om hulself te verdedig in geval van weerwraak deur Frankryk? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

(c) Haal DRIE frases uit hierdie bron aan wat suggereer dat Hitler 'n waagstuk onderneem het toe hy besluit het om die Rynland te militariseer. (2 x 3) (6)

(d) Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom dit gelyk het asof Hitler nie bekommerd was oor moontlike optrede deur Brittanje teen die Duitse militarisering van die Rynland nie. (1 x 2) (2)

5.1.3 Bestudeer Bron 5C.

(a) Verduidelik of jy dink dat Standpunt 1 in hierdie bron die gedagte ondersteun dat Hitler se opdrag vir die hermilitarisering van die Rynland 'n waagstuk was (3 x 2) (6)

(b) Waarom is Standpunt 2 in hierdie bron geskik om Frankryk se reaksie op die hermilitarisering van die Rynland te verstaan? (1 x 3) (3)

5.1.4 Verwys na Bronne 5A en 5D.

(a) Wat het die Verdrag van Versailles bepaal rakende die verhouding tussen Duitsland en Oostenryk? (1 x 1) (1)

(b) Gee TWEE redes uit Bron 5D wat aantoon dat Hitler nie sy dreigemente teenoor Schuschnigg as gewaagd beskou het nie. (2 x 2) (4)

5.1.5 Bestudeer Bron 5E.

(a) Voorsien bewyse uit die bron wat toon dat Hitler propaganda gebruik het om die Oostenrykers voor te berei op die Duitse besetting van Oostenryk. (2 x 2) (4)

(b) Voorsien bewyse uit die bron wat toon dat Schuschnigg se uitbeelding van Hitler as iemand wat nie ander mense se demokratiese regte respekteer het nie, akkuraat was. (2 x 2) (4)

5.1.6 Bestudeer Bron 5F.

(a) Wat vertel die spotprent jou oor hoe Hitler Oostenryk behandel het? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik hoe betroubaar hierdie bron is ten opsigte van die besetting van Oostenryk deur Duitsland. (1 x 2) (2)

5.1.7 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (100 woorde) om te verduidelik hoe Hitler te werk gegaan het om die bepalings van die Verdrag van Versailles tussen 1936 en 1938 te verbreek. (10)
[50]

VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURE 1945 – 1970: DIE KOUE OORLOG

6.1 HOE HET DIE BERLYNSE KRISIS DIE SPANNING TUSSEN DIE OOSTE EN DIE WESTE LAAT TOENEEM?

Gebruik Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord.

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Gebruik jou eie kennis en hierdie bron en verduidelik hoe Wes-Berlyn 'n bron van spanning tussen die Ooste en die Weste geword het. (4 x 1) (4)

(b) Wat, volgens hierdie bron, was die rede vir die 'onmiddellike krisis'? (1 x 2) (2)

(c) Oor watter opsies het die westerse magte beskik om die krisis te kan hanteer het? (3 x 1) (3)

(d) Waarom, volgens hierdie bron, is twee van die drie alternatiewe opsies vir optrede deur die westerse magte verwerp? (2 x 2) (4)

(e) (i) Verduidelik waarom die westerse magte op die derde alternatief besluit het. (2 x 2) (4)

(ii Verduidelik of die westerse magte suksesvol was in die gebruik van hierdie alternatief. (1 x 2) (2)

(f) Waarom, dink jy, het die Berlynse blokkade en die kommunistiese staatsgreep in Tsjeggo-Slowakye verhoudings tussen Rusland en die Weste verder versleg? (2 x 2) (4)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B.

(a) Watter boodskap wil die spotprenttekenaar in hierdie spotprent oordra? (1 x 3) (3)

(b) Verduidelik hoe akkuraat hierdie bron vir 'n historikus is wat die Berlynse Krisis bestudeer. (2 x 2) (4)

6.1.3 Verduidelik hoe Bron 6B Bron 6A aanvul. (2 x 2) (4)

6.1.4 Verwys na Bron 6A en 6C.

(a) Wat, volgens Bron 6C is die Sowjet-rede vir die blokkade? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik in watter opsig Bron 6C dit wat in Bron 6A genoem word, weerspreek? (2 x 2) (4)

6.1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Krisis spanning tussen die Ooste en die Weste laat toeneem het. (10)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou